

Skriflesing: Romeine 1:16-32; Handeling 14:16-17
 Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3/4 paragraaf 4-6**
Sing- Ps. 19:1,2; Ps. 96:1,2; Ps. 66:1

Die Remonstrante kan gevaarlike dinge sê! Broeder en suster in die verwerping van die dwalings in die Dordtse Leerreëls lees ons o.a. dat die Remonstrante sê dat- *“die verdorwe en natuurlike mens kan die algemene genade (waaronder hulle die lig van die natuur verstaan) of die gawes wat ná die sondeval nog in hom oorgebly het, tot sy heil gebruik. Deur dit só te gebruik kan hy geleidelik 'n groter genade, naamlik die evangeliese of verlossende genade en die saligheid self, verkry. Op hierdie wyse betoon God Hom van sy kant bereid om Christus aan alle mense te openbaar. Hy skenk die middele wat vir die openbaring van Christus en vir geloof en bekering nodig is, genoegsaam en kragdadig aan almal.”*

Ons kom agter, geliefdes, dit gaan hier oor die lig van die natuur. In Romeine 1 lees ons dat God se *onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie...* Hiermee saam dit wat In Handeling staan. Die diep gevalle mense was wel nog heelyd in 'n posisie geplaas om sekere kennis van God te verkry. *Hy (ons hemelse Vader) het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel, al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul.* Die opstellers van ons belydenis noem hierdie kennis die lig van die natuur. Watter betekenis kan aan hierdie gedagtes geheg word dat daar ná die sondeval nog 'n ietsie oorgebly het wat as straaltes/vonkies in die mens gesien word.

In die Nederlandse Geloofsbelydenis is daar ook in Artikel 14 sprake van hierdie ietsie wat in die mens ná die sondeval agtergebly het – Ons lees in die NGB- o.a. dat die mens niks anders daarvan oorgehou het nie as *“slegs klein oorblyfsels”*... Hierdie oorblyfsels sou dan daarop dui dat die mens ietsie oorgehou het van die goeie wat daar in die paradys was. U moet onthou in die begin van paragraaf 1 van dié hoofstuk het ons gehandel oor hoe goed alles was vóór die sondeval. Spesifiek hoe goed dit was dat God die mens na sy Beeld geskape het.

As die NGB nou praat van klein oorblyfsels, of die Dordtse Leerreëls noem dat daar 'n klein bietjie van die lig van die natuur oorgebly het, dan is dit al wat óór is ná die sondeval. Spoorstjies/vonkies van God se beeld het in die mens agtergebly. In filosofiese nadenke word

hierna ook verwys as *semen rationis*, of *semen religionis*, of selfs *religious impulse*. Die groot vraag is wat is dit werd? Hierdie klein agtergeblewe stukkies van God se beeld in die mens! Die Arminiaanse oortuiging is dat hierdie oorblyfsels baie werd is- só beklemtoon hulle dit dat die mens selfs hierdie bietjie agtergeblewe lig meer kan maak, sodanig dat die mens dit tot sy heil kan gebruik. Soos ons reeds gehoor het dat volgens hulle kan mens hierdeur -... *geleidelik 'n groter genade, naamlik die evangeliese of verlossende genade en die saligheid self, verkry*

Hiermee stem die opstellers van ons belydenis hoegenaamd nie mee saam nie. Ons belydenis wil vandag wys dat die waarde van hierdie oorblyfsels vir ons saligheid niks werd kan wees nie. Toe die sondeval kom het die mens totaal verdorwe geraak. Paragraaf 1 het al die dinge nog opgenoem. Die mens het oor homself gebring- **blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verdorwenheid van verstandelike oordeel, boosheid, rebellie en hardheid van sy wil en hart sowel as onsuiverheid van sy hele gesindheid.**

Baie plekke kan ons God se Woord hoor dat ons ná die sondeval regtig niks goed uit onself na vore kan bring nie. Psalm 51, Romeine 3:12 *Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie-* So óók Jer. 17:9 - *Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?* Duidelik stel Paulus dit ook in die laaste deel van Efesiërs 2:3- *ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander...* In Romeine 6 lees ons ook hoe ons diensknegte van die sonde is- vers 17-18 staan- *Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid.*

Sonder die vernuwende, lewewekkende werk van die Heilige Gees, as die Heilige Gees ons nie die wedergeboorte skenk nie, broeder en suster, dan sal ons nóg die begeerte, nóg die vermoë kon hê om werklik na God terug te keer. Dit is presies soos wat Jesus in Joh. 6:44 dit stel- *Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie...* Die Here sê dit ook deur Paulus in Rom 3:11- *Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie.* Hiermee saam lees ons ook in 1 Kor. 12:3- *... niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees...*

Om onself te verbeter, onself tot God te bekeer het Jeremia 'n aangrypende vergelyking uit die natuur gehaal, juis om te wys dat watter natuurlike lig, watter oorblyfseltjies van God se beeld in ons mag agtergebly het, self is ons tot niks goed in staat nie- *Kan 'n Kusiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke? Dan sal julle ook in staat wees om goed te doen, julle wat gewend is om kwaad te doen.* (Jer. 13:23). Vroeër dan wys Jeremia sy volk hoe verrot ons harte binne-in ons is- *Skeer jou mooi hare af, o Jerusalem, en gooi dit weg, en hef op die kaal heuwels 'n klaaglied aan; want die HERE het die geslag van sy grimmigheid verwerp en verstoot.* Onself kan nie ons harte vir die Here oopmaak as die Here nie ons harte sou oopskeur nie- Dit gaan maar weer oor wat ons in Gen. 6:5 ook lees, dit wat van nature binne-in die mens se hart aan die gang is - *... al die versinsels wat hy(die mens) in sy hart bedink, altyddeur net sleg was*

Wanneer 'n skip in 'n storm stukkend geslaan is, op die rotse geloop, al wat van so 'n skip oorbly is die stukke van die romp wat as los planke die see-oppervlak ronddryf. So is ons as mense na die sondeval. Die bietjie beeld van God wat ons oorgehou het, is soos daardie rond drywende stukke plank. Dit kan geen skip meer wees nie, dit kan dit ook nie uit homself word nie. Uitmekaar en losgeruk, dryf dit al hoe vêrder weg van mekaar, dit is wat die mens is, dit het van die mens oorgebly na die sondeval.

Ons belydenis stel wel dat daar het oorgebly na die sondeval **'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, ('n mens kan nog in mate onderskei) tussen die betaamlike en onbetaamlike dinge... en vertoon hy in 'n sekere mate 'n strewe na deug en uiterlike tug.** Broeder en suster, dit is só, ons kan maar dink aan wat ons baie keer sien- Dink maar aan ons kinders. As kind speel jy met maatjies uit jou buurt. Die kinders is nie christelik nie, tog kom jy goed met hulle oor die weg. Die kinders kom ook uit goeie gesinne waar liefde en trou heers, waar hulle leer om eerlik te wees en nie te vloek nie. Is die kinders onbekwaam tot enigiets goeds en geneig tot alle kwaad? By die skool ken jy 'n student wat nie 'n christen is nie. Tog is hy baie oulik en lei hy 'n keurige lewe. Hy is ywerig en behulpsaam. Vir sy matriek behaal hy 'n groot aantal onderskeidings. Durf jy vir so 'n student te sê hy is verduister in sy verstand, onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad? Durf ons volhou met ons belydenis van die totale verdorwenheid van die mens?

Ongelowiges kan nog allerlei goeie dinge doen. Let ook op die omskrywing van die 3de paragraaf van die Dordtse Leerreëls: **onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig**

maak. Wat is werklik goed? Die Heidelbergse Kategismus omskryf dit soos volg in Sondag 33: **Wat is goeie werke? Slegs die wat uit 'n ware geloof, volgens die wet van God tot sy eer gedoen word.** Wil iets regtig “goed” in God se oë wees, dan moet daar drie dinge aanwesig wees: (1) 'n ware geloof, (2) ooreenstemming met God se wet en die (3) motief om God te eer. Kan dit gesê word van die sogenaamde goeie daade van die genoemde voorbeelde?

Hulle daade kom dalk *uiterlik* ooreen met God se wet. Hulle is gehoorsame burgers, hulle pleeg geen moord nie, maar wys juis liefde vir hul naaste. Hierdie daade kom egter nie voort uit 'n ware geloof nie en is nie gerig op die eer van God nie. Daarom kan ons dit nie werklik goeie werke noem nie. Ook al is dit wat hulle doen relatief goed of goed in die menslike sin van die woord.

Ondanks die totale verdorwenheid, is *ongelowiges* dus nog wel in staat om goed te doen in algemeen menslike opsig. Paulus skryf in Rom 2:14-15: *Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie; **15** omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig.* Heidene ken nie die Here Jesus nie en tog doen hulle dinge wat uiterlik met God se wet ooreenstem. Dit maak wel deeglik verskil of iemand moord pleeg en of dat hy sy naaste help. In die eerste geval doen hy nie wat die wet gebied nie, maar in die tweede geval wel.

Ook die mens wat God se geopenbaarde wet nie ken nie, is nie heeltemal sonder wet nie: hy is vir homself 'n wet sê Paulus. Dit maak sy relatief goeie daade in werklikheid sonde. Hy is vir homself 'n wet. Hy is besig om eie baas te speel. Hy is nie gehoorsaam aan God nie. Hy soek nie God se eer nie. Hy is gehoorsaam aan homself en kom so tot daade wat uiterlik met God se wet ooreenstem, maar God word daarin nie geken nie. Daarom is dit sonde.

Die Wet van die Here, elke gebod in die Tien Gebooe wil die deugde, die werke, die besondere uniekheid van God uitdra. Die eerste gebod wat verbied dat ons afgode mag dien wys God se UNIEKHEID. Die tweede gebod waarin ons nie afbeeldinge of beelde van God kan maak of dien nie, wys hoe min die mens God kan MANIPULEER deur te dink ek kan

God vir myself in voorstellings dien, die derde gebod waar ons God se Naam nie ydellik mag gebruik nie wys in werklik God se heerlike majesteit, HY IS WAT HY IS. Die vierde gebod wat die dag van die Here eer, *gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig*, hierin eer ons God se skeppingspatroon, die vyfde gebod rondom eer jou ouers en gesag bó jou gestel gaan oor God se vrymag, sy soewereiniteit, Hy het ander mense bó my kon stel. Die sesde gebod van hoe ek nie mag doodslaan nie, gaan in werklikheid om God se liefde. Die sewende gebod van jy mag nie egbreek pleeg nie, dit wys God se verbond aan ons, hoe God in sy verbond getrou is aan ons sy kinders, ons moet in ons huwelike aan mekaar getrou wees. Die agtste gebod van jy mag nie steel nie, wys dat God die Eienaar is, aan Hom behoort alle dinge, die aarde en die volheid daarvan, die God is die Bron en Gewer van alle goeie gawes. Die negende gebod dat jy as mens nie valse getuienis oor ander mag uitspreek nie, is bewys van hoe geloofwaardig God is. Hy wat waarheid is, sal nooit oor ons vals wees nie. Die tiende gebod haak eintlik weer by die eerste aan. Die God wat alleen God is, die unieke God is 'n volmaakte God, volmaak ook in die dinge wat die Here ons beveel.

Al tien die dinge wat ons nou vanuit die Wet oor God kon sê, sou van die paradysmense ook gesê kon word. Die mens het in die paradys die volmaakte Wet op sy hart gedra as kennis van God se Beeld. Hoe verskriklike die skuif dat mens geskuif het van Beeld van God na wat die Wet nou moet doen.

Die sondeval het soveel duisternis gebring, dit het die Wet van die hart na buite geskuif. Nou staan nie meer die Wet op die harte geskrywe nie, tog sê die Dordtse Leerreëls dat die werke van die Wet nog gelees kan word. Mense doen nog dinge wat uiterlik ooreenkom met die Wet van God. Om die gemeenskap en wêreld daarbuite en maatskappy leefbaar te hou, kom mense bv. bepaalde reëls na. Sonder reëls sou die samelewing 'n chaos wees. Mense sonder God is nog nie gewetenlose mense nie. Deur die sondeval het die mens sy voortrefflike gawes verloor. Daardeur het die mens egter nie 'n dier geword nie. Die mens het mens gebly. Met 'n verstand, 'n wil en 'n gevoel. Dit het egter alles verdorwe geword. Die mens het niks anders van sy gawes oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom alle verontskuldiging te ontnem (NGB art 14).

Die Wet wys ons nou werklik hoe ons sonde lyk. Ek ken nou my ellende uit die Wet van die Here (Son 2). Die Wet wys nou in werklikheid nie straaltjies van 'n goeie en mooi natuur wat as lig van die natuur my situasie kan verbeter nie, die Wet wat ons uit onself nie kan

nakom nie maar die Wet wys nou haatlik die mens is- *van nature geneig om God en my naaste te haat...* dit laat die Wet ons besef. Dit doen die Wet maar die Wet kan my nie red nie (kan my nie salig maak nie!). Dit teken die mens in al sy haat, sy verskrikkinge en sonde.

Geliefdes, die groot vraag wat aanmekeer uit die deel van die Dordtse Leerreëls teen ons bly opspring is, kan 'n mens uit homself tot geloof kom, omdat hy reeds 'n goeie mens is? Uit die Woord van die Here is dit baie duidelik dat die natuurlike mens kan werklik niks goed doen nie. In Johannes 15 noem Christus die geheim van die christelike lewe, naamlik die inwoning van Christus. Hy gebruik die beeld van die wynstok en die lote. Oor die onvermoë om uit onself regtig goeie werke te doen, sê Christus: (Joh. 15:4-5) *Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie....Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. Dis totale onvermoë.... sonder my kan julle niks doen nie.*

So noem ook Paulus die onvermoë van ongelowiges om die goeie te doen wanneer hy in Romeine 8:5-8 skryf: *Want die wat vleeslik is (onbekeerd), bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En dit wat in die vlees is, kan God nie behaag nie.*


Een van die duidelikste gedeeltes oor die onvermoë van die natuurlike mens om die dinge van God te verstaan vind ons in 1 Kor. 1,2. Die woord van die kruis (die sentrale boodskap van die evangelie) is dwaasheid vir die natuurlike mens. 2 Kor. 2:14- *Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.* Die Skrif leer ons dat die dinge van die Gees van God dwaasheid bly vir die natuurlike mens. Mense kan Jesus nie uit hulleself kies nie. Die mens kan selfs nie die eerste stap doen om na Jesus te gaan nie, tensy die Vader hom trek.

Paragraaf 6 van die Dordtse Leerreëls lê op ons beslag. Die krag van die Heilige Gees is werklik die enigste wat ons kan verander. Hier gebeur wat ons wedergeboorte noem. Paragraaf 7 laat ten volle ons belydenis oor die wedergeboorte oor ons kom. Daaroor volgende keer dan baie meer.


Weet net deur die Heilige Gees kom 'n nuwe skepping 'n opwekking uit die dood, 'n lewendmaking.

In die proses van herskepping of opwekking kan ons ook niks bydra nie. Van 'n geestelik dooie kan 'n mens niks verwag nie. Die nuwe lewe is volkome 'n daad van God. Die lig van die natuur kan die mens dus nie tot God bring nie. Ons sien eerder dat die mens hierdie lig meer verduister. Dink aan die ontarding in homoseksualisme en al die gruwels wat Romeine 1 duidelik opnoem God se deugde kan uit die skepping deur die mens geken word. Maar wat doen die mens met die openbaring? Gebruik die mens die lig van die natuur om nader tot God te kom? Nee, in ongeregtheid word die waarheid onderdruk. Die mens gebruik die lig van die natuur om vir homself afgode te maak en die te dien. So verdorwe is selfs die beste mens op aarde. Die krag van die Heilige Gees is al wat kan werk, maar dit is paragraaf 7.

AMEN



Paragraaf 5



Paragraaf 6

